HOËRSKOOL RANDBURG

**Spesifieke Oueromsendbrief nr. 95 van 2026**

2 September 2026

Geagte Ouers/Voogde,

Die einde van ons matriekleerders se skoolloopbaan is vinnig besig om nader te skuif en die matrieks het aangedui dat hulle graag hulle harde werk en toewyding wil vier. In hierdie verband wil ons graag die reëlings vir die tradisionele 40-dae-viering met u deel.

**Datum en Tyd:**

Leerders moet asseblief **22 September om 18:00 by die skool aanmeld**. Die formele program begin om **18:20**, waartydens die skoolhoof 'n boodskap aan die matriekgroep sal rig.

**Aandete en Sosiale Aktiwiteit:**

Na die skoolhoof se boodskap, sal leerders 'n aandete by die skool geniet. Daarna sal die skoolbusse hulle na **Diggers** vervoer, waar hulle die geleentheid sal hê om in 'n veilige en sosiale omgewing **saam te kuier.**

**Koste:**

Die koste vir hierdie geleentheid is **R70 per leerder**, wat 'n ligte ete by die skool en verversings by Diggers insluit. Betalings kan op D6 betaal word of by Annerie in die finansieskantoor. Alle betalings moet asseblief teen 16 September afgehandel wees. Enige verdere aankope by Diggers **sal op die leerder se eie onkoste wees.**

**Belangrike Reëlings:**

Om die veiligheid van alle leerders te verseker, versoek ons dat **geen leerder met eie vervoer na Diggers gaan nie**. Let wel, die skool se verantwoordelikheid eindig wanneer die busse hulle by Diggers aflaai. Ouers kan leerders na afloop van die funksie by Diggers gaan oplaai. Leerders word ook daaraan herinner om hulle **ID-dokumente** saam te neem.

Geen leerder mag na die verrigtinge daardie aand die skoolgrond betree nie. Enige voertuie wat by die skool gelos word, kan Donderdag deur die loop van die dag gehaal word.

TEL: (011) 782 6226/7 • Malibongwerylaan 183, h/v Rabie en Malibongwerylaan, Fontainebleau •
E-POS: admin@hsrandburg.co.za • WEBWERF: www.hsrandburg.co.za

Ons waardeer u samewerking en ondersteuning om hierdie spesiale dag vir ons matriekleerders onvergeetlik en veilig te maak. Indien u enige navrae het, kontak gerus die skool.

Vriendelike Randjiegroete,

S. Gilmore-van Zyl
Graadhoof

E. Engelbrecht
Graadhoof

P. Booysen
Skoolhoof